### *Materie en gees*

**195** **Josoë** sê: "Dit beteken, dat daar geen materie in die hemel kan binnekom nie. Daarom los hierdie engel iedere stoflike spyse vooraf op in iets geesteliks en neem daarvan dan slegs die suiwer geestelike op. Die jongman is `n suiwer geestelike mens uit die hemele en is as sodanig ook `n beeld van die hemele op `n baie klein skaal. Die voedsel kom ooreen met ons wêreldse mense, wat nou nog begrawe lê in ons materie. Die materie is weliswaar, netsoos hierdie voedsel, al goed voorberei in die vuurherd van hierdie groot Meester, wat dit vir ons geleer het en Hom liggaamlik nog onder ons bevind - maar tog kan ons met hierdie liggame van ons nie die hemelryk binnegaan nie.

[2] As ons egter deur Elohim geroep word om hierdie wêreld te verlaat, dan sal `n engel van Elohim vooraf ook dit met ons doen wat hierdie een nou met die voedsel doen. Dit wil sê, hy sal in één oomblik al die geestelike uit die materie vrymaak. Die materie gee hy oor aan die volledige ontbinding, maar die siel en haar lewensgees en ook alles wat hulle in die materie bevind en wat by die siel hoort, sal hy, terwyl hy dit saamvoeg tot `n volmaakte mensevorm volgens die ewige onveranderlike wil van Elohim, na die geestelike wêreld toe oorbring! - Kyk, dit is wat jy leer en moet weet uit wat vir jou vreemd voorkom uit die manier van eet van die magtige hemelse jongman!"

[3] Baie verwonderd oor die wysheid van Josoë, sê **Markus**: "Ek het vroeër al gemerk dat jy `n jongeling is wat baie wyser is as wat jou jare aantoon, maar vir só wys het ek jou tog nie aangesien nie! Jy het my `n baie belangrike les gegee, waarvoor ek jou altyd baie dankbaar sal bly. Maar glo my, die dors na kennis van die mens word steeds hewiger na gelang hy meer weet, en ek poog nou om behalwe jou les ook nog te hoor hoe die materie dan opgelos word!"

[4] **Josoë** sê: "Vriend, dit is weliswaar nie goed as die mens te veel weet nie, maar dit kan jy wel onthou! Kyk, die materie is eintlik niks anders as gees, wat deur die almagtige Wil van Elohim gebonde is. `n Engel is niks anders as die verpersoonlikte simbool van die almagtige Wil van Elohim; hy kan dus niks anders wil as net dit wat Elohim wil nie.

[5] As Elohim ooit die materie wil ontbind, dan word dit deur so `n almagtige menslike vorm van die wil van Elohim beetgekry, die wet wat dit saambind word opgehef, en alle materie verdwyn oombliklik uit die bestaan, gaan in haar oergeestelike element oor en bly dan dit wat dit oorspronklik was, maar dan meer veredel en meer volkome.

[6] Tallose vroeër enkelvoudig bestaande kragte word verenig tot één groot volkome individu, en dit sal `n volmaakte geestelike mens wees, soos wat Elohim dit ewiglik wou hê! - Het jy dit verstaan?"

[7] **Markus** sê: "Ja wel, dit het ek verstaan, maar ek vra nou nie meer verder nie. Want jou wysheid gaan te duiselingwekkend hoog bo my natuurlike verstand! Maar wat ek wel graag sou wil hoor, is dit: `n gesprek van jou met die meisie Jarah wat net so wys is soos jy. Dit moet werklik `n ware geestelike genot wees, soos wat mens dit in die hemele nouliks ooit beter sal kry!"

[8] **Josoë** sê: "Weet jy, dit is nou weer `n bietjie ondeurdag van jou! - Kyk eers na die twee bekers wyn! Sou dit verstandig wees om die een volle in die ander volle oor te gooi? Sou die edele wyn nie met so `n optrede verniet op die grond gemors word nie? Waarvoor sou so iets dan goed wees? Wat ek weet, weet die meisie beslis ook, en ek sou dus nie van haar en sy sou niks van my kan leer nie! Daarom sal ons onsself die moeite spaar. Praat jy liewer met die heerlike kind van Elohim! Jy en jou dogters, jou vrou en jou seuns sal baie van haar kan leer, want tot op hede het daar op hierdie aarde nog nooit `n vrou, deur Elohim se wil, sulke dinge beleef soos hierdie meisie nie. Sy weet onuitspreeklik baie, wat buiten die Meester op die hele groot aarde geen mens weet of ook maar ken nie. - Verstaan jy dit?"

### *Verskillende gawes, en selfkennis*

**196** **Ek** sê aan Josoë: "Maar My liewe Josoë, hoe weet jy dan dat die liefde van My Jarah so wys is en dat sy kennis oor sake het wat buiten My aan niemand bekend is nie!"

[2] **Josoë** sê: "Meester, hoe kan ek dit nou nie weet nie en waarom vra U my dit? U het tog dit wat ek moet weet en sê, in my hart, en daaruit op my tong gelê!"

[3] **Ek** sê: "Baie goed, My liewe Josoë; omdat jy dit weet, gee ons dan ook nou `n goeie verklaring waarom Ek dit vir jou gevra het - terwyl Ek tog al die gedagtes van jou hart, selfs die allergeheimste, reeds lank voordat jy hulle uitgedink het, ken en moet ken!"

[4] **Josoë** is nou self stil en soek na `n regte antwoord, maar vind geen. Na `n oomblik sê hy ietwat gedweë: "Meester, daarop het ek, deur die nog te groot beperktheid van my insig, regtig geen sinvolle antwoord nie. Dit kan dalk wees dat U my slegs vir die skyn die vraag gestel het, soos wat `n leraar sy leerling iets sal vra wat hy as leraar lank voor sy leerling geweet het. Maar dan is daar tog `n oneindige groot verskil tussen U en `n leraar wat sy leerling toets! Dié weet naamlik wel wat hy self weet, maar sonder toets weet hy nie of sy leerling dit ook weet nie. U weet egter maar al te goed en duidelik nie net alles wat ek weet nie, maar U ken ook die mees geheime gedagtes van alle mense en engele - en tog stel U my hierdie vraag!? Kyk, dit is vir my `n onontknoopbare Gordiaanse knoop! Omdat ek egter nog lank geen Alexander is nie, kan ek hom nie ontknoop nie!"

[5] **Ek** sê: "Vertel My eers, waarom vra die jongman wat so nou en dan uit Sigar na jou toe kom, ook dinge aan jou asof hy niks daarvan af sou weet nie,

terwyl hy dit tog maar al te goed weet!? Ja, hy laat hom selfs deur jou onderrig asof hy jou leerling is!"

[6] **Josoë** sê: "Meester, die klagte wat ek steeds oor hom het is nou juis dat hy ondanks sy ongelooflike kennis steeds van my wil leer. En as ek hóm iets vra, dan sê hy altyd: 'Ja kyk nou, dit wou ek nou net vir jou vra!' Nou vra ek U en dit het ek vanmôre al gevra, wat se `n manier van lesgee is dit. Vroeër het die vader van Jarah wel `n baie goeie uitleg van die soort onderwys gegee, wat ek ook goed sou kon gebruik by die vraag wat deur U gestel is, maar ek is dit tog nie heeltemal eens met sy uitleg nie, en kan daarom nie volkome agterkom hoe om dit by die verklarende antwoord op U Gordiaans gevormde vraag te gebruik nie.

[7] By leerlinge wat goed in allerlei wetenskappe tuis is, is hierdie manier van lesgee wel die beste ter wêreld, omdat die tog nog beperkte leerling daardeur besonder aktief gelei word om self te dink, te voel en te vind. Maar as `n mens so `n manier van lesgee by `n leerling toepas wat nog niks weet van enige elementêre wetenskaplike beginsels nie, dan sou ek tog maar wil sien wanneer en hoe die leerling hom met so `n manier van lesgee, die alfabet, en uiteindelik die lees van die geskrewe woord, sonder `n wonderwerk, op `n natuurlike manier sy eie sal maak!

[8] Daarvoor is die origens goeie uitleg van Ebahl nie geskik nie, en dus kan ek dit hier ook nie gebruik nie. Daarom sê ek vir U, o Meester, ook sonder omweë, dat ek U op U Gordiaanse vraag geen antwoord kan gee nie. U sal ons almal die barmhartigheid moet bewys om U vraag Self te beantwoord!"

[9] **Ek** sê: "Wat sou jy daarvan sê as ons liewe Jarah vir ons die vraag sou uitlê?"

[10] **Josoë** sê ietwat beteuterd: "Dit mag sy sekerlik, as sy dit kan! Natuurlik, as U, o Meester, haar die antwoord in die hart sal gee, dan sal sy maklik die antwoord kan gee!"

[11] **Ek** sê: "Dit sal Ek die keer nou juis nie doen nie, en sy sal self die antwoord moet bedink!"

[12] **Josoë** sê: "Nou, dan sou dit met haar nie eers baie beter kan gaan as met my nie!"

[13] **Ek** sê met `n baie vriendelike gesig: "Nou, ons sal sien! Vertel ons dus, liewe Jarah, waarom Ek die brawe Josoë iets gevra het wat Ek sekerlik lankal vooraf geweet het!"

[14] **Jarah** sê `n bietjie verleë: "Meester, as ek mag sê en in `n sekere sin moet, lyk dit of U aan die liewe Josoë hierdie Gordiaanse vraag, soos wat hy dit gestel het, slegs maar gegee het om sy fel oplaaiende siel ietwat nederig te maak. Want hy het netnou gedink dat hy nie met my hoef te praat nie, omdat hy alles sou weet wat ek weet, en ons beide elkeen daarom niks te sê sou gehad het nie. So `n gesprek sou gelykstaan met die uitgooi van een vol beker in `n ander vol beker in. Maar die liewe Josoë vergeet daarby dat U selfs by die engele die gawes van die gees verskillend verdeel het, en dat selfs `n volmaakte gees daardeur nog heeltemal baie kan leer van `n ander volmaakte gees!

[15] Ek glo egter: As U, o Meester, op die wyse vra, dan vra U maar net omdat U iemand wat te veel opvlieg, wil bring tot `n nederige selfkennis! En vir sover ek met my beperkte kennis in my hart kan sien, het U om daardie rede so `n Gordiaanse vraag aan die liewe Josoë gevra.

[16] Vroeër het hy wel, in teenspraak met homself, aan Markus die opmerking gemaak dat ek deur U barmhartigheid ervaringe opgedoen het wat geen mens tot op hede op die hele groot aarde opgedoen het nie; maar tog beskou hy homself as `n beker wat net so vol sou wees! As hy egter sulke buitengewone ervaringe aan my wil toeskryf, dan verstaan ek regtig nie waarom hy nie met my `n gesprek wou aangaan nie. Ek is van my kant af van mening dat ek ondanks my sekerlik ongelooflike ervaringe, tog iets van hom kan leer, en ek beskou my beker sekerlik nie só vol dat daar uit sy volle beker niks meer by sou kon inkom nie.

[17] En, soos wat ek nou opgemerk het (nou lag Jarah ietwat fyntjies), skyn sy beker ook nie so enorm vol te wees dat daar nie `n druppel van my wyn in sy geagte oorvol beker sou kon bykom nie!

[18] Daarmee wil ek origens ook nie in die minste `n haatlike opmerking oor Josoë se ietwat te hoog opspattende selfversekerdheid gemaak het nie, maar omdat dit van my gevra was, het ek gepraat soos wat ek in my hart dink. Ek glo daarmee dat ek geen al te groot sonde begaan het nie! Maar mag dit wel die geval wees, dan sal ek dit na vermoë weer goedmaak!"

[19] **Ek** sê: "Nee, nee, heeltemal nie! Jou opregte hart is `n ope boek vir My, en jy het My beste Josoë self `n groot diens bewys. Hy was op die punte wat deur jou kinderlike wysheid genoem het ook werklik ietwat swak, en hierdie swakheid sou hom in die toekoms op klein dwaalweë kon gebring het. Maar nou is hy ook in hierdie sfeer genees, en sal nou graag `n opbouende gesprek met jou wil begin, want hy weet hoe om homself goed uit te druk."